

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vet druk in vierkantige hakies dui skrappings uit
bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in
bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 19 September 2019)

WET

Tot wysiging van die Wet op die Staatsdienskommissie, 1997, ten einde die prosedure aangaande die hernuwing van die ampstermyn van 'n kommissaris duidelik te maak; voorsiening te maak vir 'n kommissaris om as die voorsitter waar te neem wanneer die voorsitter en ondervoorsitter albei afwesig is of om enige rede nie as voorsitter kan optree nie; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 4 van Wet 46 van 1997

1. Artikel 4 van die Wet op die Staatsdienskommissie, 1997 (Wet No. 46 van 1997) (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg: 5

- “(5) Die President kan, soos in artikel 196(10) van die Grondwet beoog en binne 90 dae voor die verstryking van die eerste ampstermyn van 'n kommissaris, die termyn van daardie kommissaris vir slegs een bykomende termyn hernieu—
- (a) in die geval van 'n kommissaris wat deur die Nasionale Vergadering 10
goedgekeur is, op aanbeveling van die Nasionale Vergadering; en
- (b) in die geval van 'n kommissaris wat deur die premier van 'n provinsie benoem is, op aanbeveling van die betrokke provinsiale wetgewer.
- (6) Subartikel (4) is nie van toepassing op die hernuwing van die ampstermyn van 'n kommissaris ooreenkomstig subartikel (5) nie. 15
- (7) Die hernuwing van ampstermyn van 'n kommissaris moet daarop gegrond wees—
- (a) dat die kommissaris steeds 'n geskikte en gepaste persoon is soos vereis deur artikel 196(10) van die Grondwet; en
- (b) dat die kommissaris 'n bevredigende vlak van prestasie ten aansien van sy of 20
haar pligte handhaaf.”.

Amendment of section 5 of Act 46 of 1997

2. Section 5 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(3) If both the chairperson and the deputy chairperson are absent, or for any reason unable to act as chairperson, the President shall designate one commissioner to act as the chairperson of the Commission for a period not exceeding 30 days.” 5

Short title

3. This Act is called the Public Service Commission Amendment Act, 2019.

Wysiging van artikel 5 van Wet 46 van 1997

2. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

“(3) Indien die voorsitter en die ondervoorsitter albei afwesig is of om enige rede nie as voorsitter kan optree nie, moet die President ’n kommissaris aanwys om vir ’n tydperk van hoogstens 30 dae as voorsitter van die Kommissie waar te neem.”

5

Kort titel

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Staatsdienskommissie, 2019.